# ROTARY

## 'n Beoordeling van die Rotariër-beweging

### A. ONTSTAAN EN AGTERGROND

1. Die datum: *23 Februarie 1905.*
   Die plek: *Chicago,* in die Verenigde State van Amerika.
   Die man wat die leiding neem: *Paul P. Harris,* 'n prokureur.

Reeds vir 'n paar maande het Harris met enkele van sy jong vriende gepraat oor die moontlikheid om 'n soort klub of vereniging te stig om mekaar beter te leer ken en mekaar te help. Nou is vier van hulle, Harris, Schiele (kole-handelaar), Loehr (myn-ingenieur) en Shorey (snyer), saam in 'n kantoor in hierdie stad. Die saak word bespreek en daar word besluit om 'n klub te stig. Daarna word meer samekomste gehou, telkens in 'n ander kantoor sodat daar afwisseling of *rotasie* van vergaderplek is. So ontstaan die naam *Rotary.* As embleem word spoedig gekies 'n wawiel-met-speke, wat later (1923) gewysig is na die bekende (masjien-) *rat*-motief. Die ledetal word gestadig meer en selfs in 1934 is die Rotariërklub van Chicago die grootste enkele klub (meer as 600 lede), juis ook omdat in hierdie stad nie meerdere klubs gestig word soos wat elders gebeur nie.

2. Die tweede Rotariërklub word in November 1908 in San Francisco (V.S.A.) gestig. In 1910 word die eerste konvensie gehou en die „National Association of Rotary Clubs" word gevorm; ook word die eerste klub buite die V.S.A. in Winnipeg (Kanada) gestig. Daarna volg o.a. Dublin (Ierland) en Londen in 1911; Havanna (Kuba) in 1916; in Indië en China in 1919 en in Suid-Afrika (Johannesburg) in 1921. Die naam van die omvattende organisasie word in 1922 vasgestel op „Rotary International". Nou (in 1962) is daar oor die 11.300 klubs en oor die 526.000 lede, in meer as 120 lande van die wêreld wat in verskillende streke of distrikte verdeel is. Daar is geen klub in enige Kommunistiese land nie. In Suid-Afrika (en S.W.A.) is daar oor die 100 klubs wat in drie distrikte (waarvan een tot by Kenia strek) gegroepeer is. Amptelik word o.a. meer as 20 tale erken, waaronder ook Afrikaans.

3. Die feit dat die Rotariërbeweging so uitgebrei het en so wyd verbrei is, getuig daarvan dat dit in een of ander behoefte moet voor-

sien. Daaroor is gesê, deur 'n groep akademici van die Universiteit van Chicago wat in 1934 — op versoek — 'n studie gemaak het van die plaaslike klub en die beweging in die algemeen: „The little group which Mr. Harris gathered about him . . . was animated largely by a desire to escape from the loneliness and impersonal aloofness in social relations characteristic of a new and rapidly expanding commercial metropolis, conspicuously lacking in traditions, in social and cultural unity, and in other bonds which draw men together" (I. p. 72v.). Soos deur meerdere skrywers aangedui, het ons hier te doen met die samestelling van verskillende faktore wat elkeen 'n rol speel, en die vernaamste hiervan is die volgende:

a. Die oorskakeling van 'n meer landelike na 'n stedelike en hoogs geïndustrialiseerde samelewing, waarin mense óórbesig is, in sterk kompetisie met mekaar en gevolglik ook 'n proses van vereensaming ondergaan.

b. Die prominente, feitlik dominerende, plek en funksie wat die sake- en professionele wêreld en mense*) in die hedendaagse samelewing vul en vervul.

c. Die opkoms van 'n nuwe leiers-groep in die sogenaamde middelklas van die samelewing, nl. manne wat aansien verkry het en 'n groot rol speel op grond van, of as gevolg van, eie prestasie deur vernuf, arbeid en organisasie.

Juis hierdie sosiale omstandighede en behoeftes van die nuwe leiers vorm die agtergrond vir die ontstaan en groei van die Rotariërbeweging en dit is ook die noodsaaklike fondament vir sy voortbestaan. Dit is ook een van die grootste redes waarom Rotary nie in die Kommunistiese lande voorkom nie.

## B. ORGANISASIE-VORM EN FUNKSIONERING

1. Reeds die eerste groepie manne wat in 1905 in Chicago saamgekom het, het elkeen 'n verskillende beroep uitgeoefen. Dit was nie bloot toevallig nie. Daar is gevoel dat deur die verskeidenheid die een van die ander kon leer en so meer te wete kom van die ander terreine van die sakelewe. 'n Belangrike motief in die begin (en miskien juis ook *van* die begin af) was egter dat die lede mekaar op sakegebied kon help. Juis deurdat daar nie oorvleueling van terreine was nie, het hulle mekaar

*) Dit sal telkens nodig wees om te verwys na die sake- en professionele wêreld, en sake- en professionele manne. Om die gedurige herhaling te vermy en ruimte te bespaar, sal in die vervolg bloot net van sakewêreld en sakemanne gespreek word, *waarmee albei aangedui word.*

nie in die wiele gery nie dog het lidmaatskap van *Rotary* daartoe bygedra dat hulle almal mekaar se besigheidssake kon aanhelp sonder gevaar van skade aan die eie. Die moontlikheid van vergroting van winste (winsmotief) het hier dus 'n vername rol gespeel, soos openlik deur lede erken en soos dit bevestig word deur periodieke navrae hieroor aan die lede (vgl. I. p. 3, 10). Sakebelange kon dus in 'n gesellige, gemoedelike sfeer bevorder word (vgl. I. p. 221; II. p. 3. 8; III. p. 79).

Die hartlike omgang tussen lede vorm ook 'n wesenstrek van die begin af en word vandag nog aangetref en doelbewus aangekweek. Dit blyk o.a. uit die aanspreek op die *naam* (nie *van* nie), gemoedelike gees van gesprekke, grappe, poetsbakkery, samesang. Interessant is die opmerking van die studiegroep (vgl. I. p. 51v., 70) dat daar 'n verskil in geaardheid bestaan tussen die Amerikaanse en Engelse klubs teenoor die Europese. omdat laasgenoemde nie uit die „petite bourgeoisie" getrek is nie dog eerder uit die „haute bourgeoisie" (of boonste middelklas) en omdat hulle erfgename is van 'n aristokratiese tradisie, met 'n ander belangstelling op intellektuele en estetiese gebied en 'n ander kyk op sosiale en politieke sake. Indien hierdie analise korrek is en vandag nog geld, wil dit beslis ook voorkom asof die Rotariërbeweging in Suid-Afrika meer die Amerikaans-Engelse instelling en patroon vertoon. Dit mag dan ook 'n faktor wees wat baie Afrikaners laat voel dat hulle in die Rotariërklub in 'n vreemde, on-Afrikaanse omgewing verkeer — selfs al is ons as Afrikaners in ons samelewingspatroon en gedrag so sterk onder die Engelse invloede of Engels-gestempel.

2. Die gedagte by die opname van nuwe lede by 'n Rotariërklub (en natuurlik by stigting) is dat daar net ***een*** verteenwoordiger van 'n bepaalde beroep of soort werk sal wees. Daarby moet hy ook 'n leidende aandeel hê in sy vertakking van die sakelewe — by voorkeur dus die posisie van 'n uitvoerende beampte of „executive". In hom en deur hom word dan daardie hele vertakking verteenwoordig. En dit moet onthou word dat die Rotariërbeweging veral bedoel is vir sakemanne en dus meer ook vir die stedelike gebiede (vgl. II. p. 149).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar 'n sekere bevolkingskonsentrasie en -digtheid moet wees om 'n realistiese bestaansbasis vir 'n Rotariërklub te vorm. 'n Klein gemeenskap het tog nie soveel sakemense, industriële leiers, professionele manne nie. Skrywers het dan ook beweer dat daar 'n bevolking van minstens 5,000 moet wees om aan 'n klub die moontlikheid te bied om kragtig te begin en aan te hou (II. p. 38). Interessant is dit dat die lys van „klassifikasies" (d.i. indeling van beroepe) van *Rotary International* in 1934 al bevat 'n totaal van 79 hoofgroeperings, verdeel in 2,300 kleinere klassifikasies (I. p. 111).

Hieruit volg verder dat *Rotary* inderdaad nie juis baie goed sal aard

in plattelandse en ander klein dorpies nie (vgl. I. p. 149). Waar daar tog op sulke plekke klubs in die lewe geroep word, sal dit nie anders kan wees nie as met die verloëning van die uitgangspunte van *Rotary*, nl. die saambring van *uitvoerende* beamptes van die *sakewêreld*. Natuurlik vertoon so 'n groot en wydverspreide organisasie streeks- of landelike verskille, maar die basiese gegewens moet tog ooreenstem. Juis daardeur tref ons dit aan dat op die platteland dikwels allerlei anomalieë voorkom, waardeur mense met wesenlik dieselfde beroep of werk gelyktydig ingeskakel word deur hulle net handig anders te klassifiseer. Die wese van die Rotariër-ideale, nl. manne uit verskeidenheid van beroepe, kan daardeur wesenlik aangetas word, hoewel daar tog ook bepaal is dat uit 'n sekere groep net 'n bepaalde persentasie getrek mag word.

3. Juis omdat die „leidende" figure gesoek en ingeskakel word, het dit as vanselfsprekend só ontwikkel dat die gemiddelde ouderdom van die lede van hierdie beweging goed oor die *40 jaar* is. Die jongere manne is daardeur uitgesluit en omdat hulle ook graag so 'n organisasie wil hê en lid daarvan wil wees, het ander soortgelyke organisasies ontstaan, soos o.a. die *Round Table* (waarby lidmaatskap op veertig-jarige ouderdom outomaties beëindig word), *Lions International*, en in Amerika nog allerlei ander, bv. *Kiwanis*. Dit wil voorkom asof *Rotary* gedien het as voorbeeld en aansporing vir die ander.

In *Rotary* kan alleen mans lede word en selfs professionele en sakevroue word nie opgeneem nie. Om egter aan vrouens van lede geleenthede tot samekoms te bied, is ook vrouensgroepe georganiseer, o.a. as *Rotary-Inn's*, *Inner Wheel*.

Die Rotariërs het nie juis gebruik gemaak van betaalde amptenare om elders klubs te gaan oprig nie — soos sommige ander soortgelyke organisasies wel gedoen het. Die gedagte is deur lede uitgedra. Die waarde van propaganda deur middel van die pers en radio — koerantverslae, nuusberigte oor byeenkomste, prestasies, e.d.m. — is egter wel deeglik besef en ook baie gretig gebruik, tot vandag toe. Daar bestaan internasionale tydskrifte (*The Rotarian*, e.a.) en ook meer plaaslike of nasionale tydskrifte (o.a. *Rotary in Africa*) en heelwat brosjures en pamflette en selfs boeke (vgl. III).

4. 'n Persoon tree vrywillig toe tot die Rotariërklub (nadat hy deur die klub goedgekeur is), sy lidmaatskap is nie geheim nie, en *Rotary* het ook geen esoteriese of geheime elemente nie, en jy kan ook weer uit die beweging uitgaan. Uit feite-gegewens blyk dit ook dat daar 'n gedurige kom-en-gaan van lede voorkom en dat die gemiddelde duur van lidmaatskap so ongeveer 10 jaar is. Lidmaatskap van 'n bepaalde kerk (of godsdiens) en politieke groep is nie 'n vereiste nie. Interessant is die bevindings wat 'n navorser (Marden) in 1935 in Amerika vasgestel

het. op navraag aan Rotariërs oor die orde waarin hulle lidmaatskap van bepaalde groepe of organisasies sal prysgee. Die meerderheids-antwoord was: laaste hulle kerk, voorlaaste die Rotariërs, en voor albei die Vrymesselary e.d.m. (IV. p. 76). 'n Mens wonder hoe sake vandag sou wees, veral ook in Suid-Afrika?

Soos enige klub dit het, is hier ook 'n bestuur wat gekies word en die leiding gee. Verder is daar 'n goewerneur vir 'n bepaalde streek (waarvan in S.A. drie bestaan), wat in sy streek die leiding het vir 'n bepaalde jaar en wat onder andere alle klubs in sy diensjaar moet besoek. *Rotary International* het 'n president en bestuur, jaarliks word 'n groot internasionale samekoms (Convention) gehou, en die hoofkantoor van die organisasie is in Evanston, by Chicago. By die plaaslike klub bestaan daar vir lede 'n verpligting tot bywoning van die weeklikse samekomste (minstens 60% van die byeenkomste elke ses maande moet besoek word), en indien 'n lid nie sy eie klub se vergadering-by-'n-ete in 'n bepaalde week kan bywoon nie, mag hy sy persentasie „opmaak" deur 'n ander klub se samekoms te besoek. Daar word noukeurig statistieke van bywonings-persentasie getabuleer en ook gereeld gepubliseer. Indien 'n lid nie die vereiste persentasie bywoning haal nie, dan verval sy lidmaatskap vanselfsprekend.

## C. DOELSTELLING (ALGEMEEN)

1. Dit is nie so 'n maklike taak om presies te bepaal wat die doelstelling van *Rotary* is nie. Daar was onder andere verandering of ontwikkeling op hierdie gebied, en die huidige opset verskil heelwat van die oorspronklike. Daarby mag die siening op sake ook verskil in onderskeie lande en by verskillende mense. Tog is daar seker wel 'n meer algemene beskouing, soos op die *Conventions* vasgestel en deur die Hoofbestuur aangedui, wat in hooftrekke weergegee kan word.

2. Die aanvanklike doel was om 'n verskeidenheid van sakemanne op gesellige wyse saam te bring. Die groep was nie verteenwoordigend van die hele samelewing nie, maar wel 'n poging om die besigheidswêreld van die samelewing verteenwoordig te kry (vgl. I. p. 110). Die opset was ook dat elkeen se sakebelange daardeur gedien kon word — dus die winsmotief, soos gestel is: „The new club was to be a 'booster' club, promoting business between members" (II. p. 3). As newedoel is wel erken die bevordering van vriendskappe, veral van mense wat ver uitmekaar woon en tog naby mekaar werk en maklik in etenstye kon saamkom. Aanvanklik het elkeen dan ook oor sy eie bedryf of beroep gepraat, en so is die kennis vermeerder en ook meerdere geleenthede deur die ander lede gesien en benut. Ten spyte van ontwikkelings wat later

gekom het, bly hierdie basiese doelstellings waarskynlik nog steeds behoue, al is dit net bedektelik (vgl. I, p. 20, 203).

3. Reeds al vroeg in die geskiedenis van *Rotary* ontstaan 'n ander, bykomende gedagte wat skynbaar vandag nog geld en selfs die beheersende is. Dit vind uitdrukking in die slagspreuk: „Service above self — He profits most who serves best" — op die 1911-Konvensie aanvaar. Hierby moet egter tweërlei gebied of terrein waarvoor dit geld, onderskei word al sal dit nie geskei kan word nie. As organisasie van *sakemanne* begryp ons goed dat hierdie doelstellings van toepassing gemaak kan word op die vlak *van die sakewêreld* — om oneerlike bedrywighede, ens. op hierdie gebied te probeer verminder of uit te skakel. Dus 'n etiese stelsel vir die sakewêreld. Maar dan kan die saak ook wyer gesien en aangepak word, sodat daar gepoog kan word om die ideaal van diens en die etiese beginsels daaraan verbonde op *alle* gebiede van die samelewing toegepas te kry.

4. Ter wille van volledigheid en juiste beoordeling sal dit goed wees om die volgende woordeliks weer te gee:

a. „*Die strewe van die Rotariërbeweging:*

Terwyl die hoofdoel is om die ideaal van diens as grondslag van elke deugdelike onderneming na te strewe, word in die besonder beoog die aanmoediging en bevordering van

(1) Kennismaking met steeds meer mense ten einde vele te kan dien;

(2) Hoë etiese maatstawwe in sake- en beroepslewe; die erkenning van die verdienstelikheid van alle nuttige beroepe; en die verheffing van sy werkkring deur elke Rotariër tot 'n middel om die gemeenskap te dien;

(3) Die toepassing van die ideaal van diens deur elke Rotariër in sy persoonlike lewe, asook in sy sake- en maatskaplike lewe;

(4) Die totstandbrenging van 'n goeie verstandhouding op internasionale gebied, welwillendheid, en vrede deur 'n wêreldbond van sake- en beroepsmanne wat deur die ideaal van diens met mekaar verenig is" (V. p. 1).

b. „*Die viervoudige toets* in die dinge wat ons dink, sê en doen:

(1) Is dit die *waarheid?*

(2) Is dit teenoor almal *regverdig?*

(3) Sal dit *welwillendheid* en *vriendskap* bevorder?

(4) Sal dit vir almal *tot voordeel* wees?"*)

5. Interessant is dit om te weet wat die dryfveer by of redes tot hierdie nuwe en bykomende benadering van oogmerke deur die Rotariër-beweging was. Die studiegroep van Chicago-Universiteit (vgl. I) het dit soos volg geformuleer: Hierdie ideaal (van diens) ontstaan om lede te bind en om kritiek te ontsenu en om die idee van *Rotary* te verbrei, juis omdat daar 'n stigma aan die profyt- of winsmotief sou kleef en dit moet geregverdig of verberg word (I. p. 84). 'n Ander skrywer het gesê dat Rotariërs ontevrede was met die koue materialistiese basis en toe besluit het „they must express an ethic and go in for good works" (II. p. 8). Marden stel drie hoof-oorwegings vir die stigting van Rotariërklubs soos volg:

a. „Mitigation of competitive struggle;

b. Necessity of dignifying the dominating position;

c. Necessity for ethical justification" (IV. p. 133 e.v.).

Daarby praat hy van die ontwikkeling van 'n „Service club philosophy, particularly as seen in Rotary, which reconciling profit and service attempts to rationalize this situation" (IV. p. 140). Dit word beweer dat met die aanvaarding van die Rotary Code of Ethics" by die Konvensie in 1914 daar weggeswenk is van die idee van „business reciprocity" van die eerste jare na die beginsel van „service to and thoughtfulness of others" (III. p. 79).

Uit die voorgaande punte kan ons dus die volgende gevolgtrekkings maak oor die drangredes vir die swenking tot die nuwe of bykomende oogmerk van *Rotary:*

a. Die klem op moontlike bevoordeling van lede of die verkryging van meerdere winste, het baie selfsugtig voorgekom en baie kritiek veral van buitestanders uitgelok, en kon selfs vir lede geskyn het in konflik te staan met die vriendelike en gesellige sfeer waarin hulle saamgekom het juis om aan die koue, harde, meedoënlose ekonomiese worstelstryd te probeer ontkom.

b. Juis die klem op die „business reciprocity" of bevoordeling van jouself en ander lede was nie 'n genoegsame sement om lede blywend saam te bind nie — vir 'n *sosiale* beweging of klub is 'n *ekonomiese* motief of doel nie genoeg nie.

---

*) (Bogenoemde is die erkende vertaling van die Engelse teks. Tog meen ons dat die Engels nie heeltemal korrek weergegee is nie, want in Engels lees ons by (3) en (4): „to all *concerned*", wat as dit juis vertaal moes wees sou lees: „vir almal daarby betrokke".)

c. Die werwing van nuwe lede en stigting van meer klubs kon bevorder word deur aan die Rotariërbeweging 'n bykomende etiese appèl te verskaf. Juis die pogings, heel aan die begin, om meer lede in Chicago te werf het die ontplooiing van nuwe aktiwiteite en doelstellings in die hand gewerk (vgl. I. p. 15).

Hierdie bykomende oogmerk was glo van die begin af in die gedagtes van die argitek van *Rotary*, P. P. Harris (I. p. 16).

6. a. Die verskillende aktiwiteite van die Rotariërklubs word in vier hoofgroepe verdeel, nl. „Club, Community, Vocational, and International Service". Hiervan moet ons nou die „Vocational Service" eerste bekyk, omdat dit vir ons die spesifiek onderskeidende terrein van *Rotary* vorm, in soverre as wat dit ingestel is op die sakewêreld.

b. In 1934 het die Chicago-Universiteitsgroep daarop gewys dat die stad Chicago in 1905, as gevolg van die industriële rewolusie, *meer* as net persoonlike isolasie gehad het. Daar was ook, of die sakelewe is oorgelewer aan „sharp and unscrupulous business practices, to chicanery and dishonesty, to an unrestricted and unprincipled pursuit of profit, to civic indifference, and to political corruption". Nie alleen was dit toé in Chicago so nie, maar die groep meen dat dit in 1934 in die samelewing nog die geval is. (Ons vra hierby net: En in 1962?). Daarom moes enige beweging wat die ideaal van *diens* stel om hierdie moeilikhede te oorwen, 'n kragtige lokstem hê (I. p. 74). Interessant is dan ook hul bevinding plus aanbeveling in hierdie verband: „Rotary is envisaged .. as an organization of business men who meet together for fellowship and for stimulating contacts, for exchange of ideas, and for the promotion of business. Its essence lies in the effective development of leadership... *business leadership*" (I. p. 228).

Dit bring ons nader aan die bepaling van die eintlike doel en sin van *Rotary*. Nog nader kom ons deur te let op hierdie uitspraak: „Business to fulfil its destiny as a special force must have a philosophy, a moral or spiritual basis for its existence... Rotary is furnishing business with a philosophy that will enable it to appeal to and hold the interest of those who want to do something worth while" (Kwotasie van F. N. Lamb, in IV. p. 59v.). Ook Hewitt sê dat baie dinge wat Rotariërs doen, na 'n rookskerm mag lyk, maar verder ook dat „Rotary without 'vocational service' was not justified as a separate organization" (IV. p. 83); en hy haal ook aan wat T. A. Warren (President van R.I. in 1945/46) gesê het: „The only unique feature of Rotary is vocational service" (IV. p. 77). Daarmee is ons dus weer terug op die terrein van die sakelewe en toespitsing van die aandag daarop.

c. Teen hierdie hele agtergrond lyk dit asof *Rotary* se vernaamste

doelstelling is om aan die sakelewe 'n „filosofie" te verskaf, of anders gestel: 'n *eticse kode*. Juis daarom is daar so iets soos 'n „Rotary Code of Ethics". en hieruit het voortgevloei 'n etiese kode vir baie spesifieke bedrywe. Daar bestaan ook 'n pamflet in 1930 uitgegee: „Codes of standards of correct practices" — met sub-titel of aanduiding: „Information for those desiring to encourage and foster high ethical standards in business and professions" (vgl. IV. p. 43). Die Ensiklopedie *Winkler Prins* omskryf as bedoeling van die Rotariërs „om die *sakelewe* te suiwer van bedrieglike en selfsugtige elemente en op 'n hoër peil te bring" (IXa. — by Rotary).

Dit skyn asof dit 'n poging is om die sg. „Golden Rule" in die praktyk te bring — d.i. die uitspraak van Christus: „En net soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen. so moet julle ook aan hulle doen" (Lukas 6 : 31; vgl. Matth. 6 : 12). Ons moet onthou dat die Rotariërklub oopstaan vir mense van enige geloof en dit kan dus geen uitgesproke Christelike of konfessionele grondslag hê nie. Daarom word 'n meer algemeen-aanvaarbare norm gesoek — 'n Wordsworthian (romantiesidealistiese?) plaasvervanger vir die geopenbaarde Christelike godsdiens (vgl. IV. p. 77). Juis daarom niks meer as die „Four-way Test" nie.

d. Indien die Rotariërbeweging hom tot hierdie terrein beperk het en hom daarop toegespits het. sou dit by sy *eie* gebly het en miskien hierin ook meer sukses kon behaal het (vgl. IV. p. 60: „It may be said that the influence of the Service Club (Rotary) in promoting better business standards or ethics is relatively negligible"). Daar is egter geglo en aanvaar dat *Rotary* 'n breër taak in die samelewing het, dat sy diensmotief behoort te geld vir alle lewens erreine. Dit was en is ook die motief tot uitbreiding en konsolidering. Miskien is dit juis bygevoeg omdat die oorspronklike doel te smal en te selfsugtig gelyk het. en omdat die beweging anders nie genoegsame appèl op die mense se gemoedere uitgeoefen het nie en die werklike uitwerking op sakegebied te klein was, sodat daar noodsaaklikerwys groter gegryp moes word. Daarin mag wel die krag dog moontlik ook die inherente en wesenlike swakheid van *Rotary* lê. Ons benader hierdie saak liewer in 'n nuwe hoofstuk.

## D. DIE DIENSMOTIEF IN DIE SAMELEWING

1. Die drang tot die lewering van diens buite die direkte verband van die klub of terrein van die sakewêreld het sy wortels *histories* ver terug in die verlede van die Rotariërs — dit was baie vroeg al sluimerend en het ook gou tot uiting gekom (vgl. VII. p. 5). Dit skyn asof dit *saaklik* ook 'n baie primêre funksie verrig. Hoor maar wat die Chicagogroep gesê het: „Rotary was originally a business man's organization for

business purposes... Rotary has become a civic organization for civic purposes and what was originally a secondary and incidental function. ...has become a major activity" (I. p. 221). Ons het hier nou veral te doen met die aktiwiteite van „Community" en „International Service". Om sake in hierdie opsig reg te kan sien, glo ons dat dit nodig is om bepaaldelik kennis te neem van die „beginsels vir uitbreiding" soos goedgekeur deur die Raad van Direkteure van Rotary International. Dit lyk ons nodig om dit volledig weer te gee:

a. „If Rotary is to *fulfil its destiny*, a Rotary club *must* be established in every community of the world capable of maintaining it.

b. Any community that can organize a Rotary Club in strict accordance with classification rules and composed of worthy men of Rotary caliber is capable of maintaining that club.

c. The theory of waiting for a community to want Rotary is fallacious. It is *the duty* of Rotarians *to create in a community a desire for Rotary*. In extending Rotary. Rotarians may be likened to salesman selling an idea and a good salesman does not give up because at first his prospective customer will not buy his merchandise.

d. Where a community can reasonably be expected to maintain a Rotary Club successfully, the sooner the club is organized the better it will be both for the club and the community... (I. p. 145 — Kursivering deur onsself. D.K.).

Dis nodig om goed ag te gee op die *destiny* en die *create a desire for Rotary*. Met reg kan dus gespreek word — in teorie en praktyk (vgl. die geweldige groei van *Rotary* en lewendige propaganda om meer te kan groei) — van 'n uitbreidingsdrang aangepak met die byna fanatiese ywer van 'n sendingveldtog of 'n kruistog. En dis ook nodig om te probeer bepaal wat die agtergrond hiervan is en waarheen daar gemik word. Sou hier nie dalk 'n bepaalde geloofsoortuiging, of meer presies: 'n sekere godsdiens, agter die gèwel skuilhou nie?

2. Om by ons doel uit te kom, is dit moontlik om wye draaie te maak en te wys op allerlei praktiese voorbeelde van uitoefening van die diens-ideaal — soos bv. weergegee in die boekie: „Diens is my dagtaak" (vgl. V.), of om in te gaan op die verband tussen die „Rotary Club" en „Welfare Association". Maar dit is nodiger om meer direk tot die wese van die saak te probeer kom — der Pudels Kern! — en om alle sypaadjies te probeer vermy. Dit is miskien wel 'n gevaarlike pad, ook omdat goeie bedoelings en uiterlik mooie dade en lewens dalk misken of misdui mag word. Tog moet ons weet wat die „filosofie" of oortuiging is wat dit alles dra en besiel.

3. 'n Navorser oor *Rotary*, Hewitt, het gesê: „Service to humanity is the Rotarians' ideal . . ." (II. p. 7). Dat dit 'n juiste weergawe is van die werklikheid word gestaaf deur 'n amptelike uitgawe van *Rotary*, waarin ons die volgende lees: „No man is worthy a Rotarian who is not a center of enlightenment for his community . . . who does not reflect to his circle of friends the thrilling example of the man who is sincerely devoted to the upbuilding of the highest type of life in his home and community. And although no man can attain perfection in all these contacts with his fellowmen he can attain some measure of success through a continued and sincere effort to *learn* — how to live and how to serve". En daarom kan in *Rotary* ontdek word 'n „truly man-building, community-building, world-building influence — . . ." (VI. p. 61). Die man wat dus 'n Rotariër word, begin 'n „new and glorious enterprise — a quest as noble as any which prompt men to make supreme sacrifices for a great cause . . ." (VI. p. 62). Dit gee *sin aan die lewe* „in thoughtfulness of others and helpfulness to others" (VIII. p. 28 — Ons kursivering, D.K.) — soos gestel deur McLaughlin, President van R.I. in 1960.

4. Dit is mooi en edel dat mense mekaar wil help en ook dat meer-bevoorregtes besonderlik hulp wil bied aan die wat minder-bevoorreg is. Die samelewing sou inderdaad armer, kouer en leër gewees het sonder liefdadigheid en barmhartigheid. Nou skyn dit asof die Rotariërbeweging hom met graagte op hierdie terrein gee en selfs probeer om dit in meer georganiseerde verband te doen. Die mate van sukses wat hiermee behaal word, gaan ons nou nie juis aan nie — dit kan net vermeld word dat daar genoeg kritici op hierdie terrein is wat beslis gewys het op belangwekkende tekortkomings en dreigende gevare (o.a. dié van 'n filantropiese avalanche, IV. p. 92). Dit is ons eerder te doen om die *siel* hiervan te probeer vind, die stukrag agter hierdie beweging.

Ons 20e eeu het begin met 'n optimistiese verwagting oor die mooi toekoms wat die mensheid tegemoet gaan en van wonderlike ideale wat binne die bereik van die mens sou lê. Verskillende geweldige gebeure, o.a. katastrofale Wêreldoorloë en ineenstorting van die ou Volkerebond (en dreigende uiteenspatting van die V.V.O.) het egter hierdie verwagtings geskok en ondergrawe. Tog bly die hoop wel lewe dat dit nog moontlik is om verdere katastrofes te vermy deurdat die mens self sy uiterste bes doen. Dit gaan oor die hele front om die verbetering van die menslike samelewing — hetsy dat dit indiwidueel, of ten opsigte van groepe of nasies of die ganse mensheid gesien word. Daarom moet leed of ellende versag word, wedywering wel nie uitgeskakel nie dog versag of veredel word, en internasionale kennis en begrip vermeerder word. In hierdie ganse milieu en teen die agtergrond van al hierdie omstandighede moet die opkoms en snelle groei, die wydverspreidheid en drang tot nog wyer verbreiding van *Rotary* gesien word. Dis 'n produk van die

tyd wat meteen die tyd wil probeer verander en beheers. Dit lyk vir ons beslis na 'n idealistiese siening wat gegrond is in 'n humanistiese mensbeskouing en ewolusionistiese wêreldbeskouing.

5. Tog meen ons dat die diepste kern hiermee nog nie blootgelê is nie. Daar is skrywers (vgl. IV. p. 148v.) wat melding maak van die emosionele bevrediging wat hierdie soort aktiwiteit bied. Ons noem dit egter net terloops omdat dit ons insiens nog nie afsteek tot die fondamente nie. Marden wy ook besondere aandag aan die verhouding tussen die „Service Club" en die kerk, en wys onder andere daarop dat mense wel beweer dat hulle die kerk laaste sal bedank, maar tog kom die diensklub vir meer belangstelling in aanmerking. Want die tyd en aandag aan die klub bestee, is verlore vir die kerk, en dis selfs moontlik dat vir sommige mense die klub die kerk kan vervang — juis omdat die kerk deur sommige beskou word as „devotion to what is believed to represent the highest welfare of the community". En daarom is die „praktiese altruïsme" van die diensklub soms meer inspirerend (IV. p. 152v.). Ons moet verder gaan. dog wys net op die groot gevaar in dié beskouings wat daarin lê dat die kerk bloot of vernaamlik 'n sosiale groep of verband is, terwyl daar geen begrip is vir die goddelike werking of ingryping wat by die kerk raakgesien moet word nie (vgl. Heidelbergse Kategismus, Vraag 54: „Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou vir Hom uit die ganse menslike geslag 'n gemeente").

Ons lees in *Rotary*-publikasies ook nog dit: Rotariërs het dit in hulle mag — nou, vandag en môre — om bewus te werk vir 'n ***edeler wêreld*** (V. p. 4 — Ons kursivering, D.K.). Voeg hierby die oordeel van Hewitt dat daar vandag beslis mense is wat by 'n Rotariërklub aansluit omdat dit geleentheid bied vir sosiale diens in 'n atmosfeer wat nie kenmerkend vroom (pious) is nie (II. p. 26). Hierby moet nog iets gevoeg word, nl. die uitspraak van 'n skrywer onder skuilnaam (Artifex) in die *Manchester Guardian* (aangehaal deur Hewitt — II. p. 78): „The middle and upper class Englishman is *hostile to clericalism*, *impatient of dogma*, more interested in the *moral* than in the spiritual aspects of religion, *disinclined* to commit himself to any *definitely-formulated credal position*, and *unwilling* to *submit* to *any binding obligations* of church membership" (ons kursivering, D.K.). En ons wil hierby die raaiskoot waag dat buite die Anglo-Amerikaanse wêreld, bv. in Europa, diegene wat by *Rotary* aansluit en behoort dikwels hulle is wat nie 'n hegte binding aan hul kerk het nie en hulle nie sterk aan 'n belydenis gebonde ag nie, d.i. die meer liberale en vrysinnige elemente.

6. Eerder is al aangedui dat die Rotariërbeweging juis te doen het met die sogenaamde middelklas in die samelewing (vgl. ook II. p. 157). Voeg nou hierdie bogenoemde uitspraak hierby. Dan het ons beslis naby

die kern van die saak gekom, en word dit baie duidelik waaraan die populariteit van *Rotary* toegeskryf moet word, waarom dit so geweldig uitgebrei het en nog steeds verder uitkring, en waarom die sentrale leiding van hierdie organisasie soveel klem lê op die noodsaaklikheid van verdere verbreiding van *Rotary* en sy gedagtes — al besef hulle miskien self nie eens die werklike of diepste dryfveer daarvoor nie. Die mens is inderdaad 'n gemeenskapswese, wat behoefte het aan kontak en omgang met medemense (en met God). Die *natuurlikste* vorm hiervan is die *gesin* en die *volksverband*. Nou het ons egter met die verskeurende en isolerende werking van die sonde en Satan te doen. Dit kom tot openbaring in die samelewing as sodanig, maar word deesdae besonderlik geaksentueer deur die invloede van ons geïndustrialiseerde en tegniekoorheersende lewe, waarin weer juis die sakeman en industrialis saam met die professionele mense die dominerende rol speel. Die gesinsverband het sy waarde en binding verloor — die huis het bloot eet- en slaapplek geword en om huislikheid in 'n woonstel te vind, is 'n moeilike taak. Ook het gewone, hegte vriendskapsbande uitermate skaars geword. Maar die diep-gesetelde menslike behoefte aan gemeenskap en gawe saamlewe laat hulle nie sommer terugdring nie en hulle soek noodwendig dus op 'n ander manier uiting of bevrediging.

Die groot probleem is natuurlik dat die mens as gevolg van die sonde sy God kwytgeraak het, sy band met God het hy verloor. Daarom sal die oplossing van die probleem daarin lê dat die band met God weer herstel word. Dit beteken *nie* die weg van *beskawing* of blote pogings tot verbetering nie — want die sonde en sy gevolge kan nié deur die mens oorwen word nie. Wat ten diepste dus nodig is, is *bekering* — deur God bewerk en deur die mens self ook as 'n kragtige stryd aangepak. Verder is dit dan ook so dat die bekeerde mens 'n besondere verband het waarin hy hom tuis voel, juis omdat dit ook deur God geskep is en saamverbonde gehou word, naamlik *die kerk*. En die kerk vervang ook nie die gesins- en volkslewe nie, dog hulle word in die kerk opgeneem en daardeur herstel. Indien mense nou egter wars is van die kerk en van geformuleerde godsdiens met vaste dogmas of belydenis, dan spreek dit vanself dat hulle op 'n ander plek of terrein bevrediging vir en belewing van hierdie gemeenskapsstrewe *moet gaan soek*. Hierby kom nou juis die diensklub, met sy aanverwante bedrywighede, op die toneel. Daarom glo ons dat iets soos die Rotariërklub en -organisasie genoem kan word die „kerk van die geïsoleerde en van-mekaar-vervreemde sakemanne".

7. As verdere bewys dat hierdie stelling wel die waarheid uitdruk, kan verskeie meer gegewens genoem word. Niemand word op grond van 'n bepaalde geloofsstandpunt uitgesluit van deelgenootskap aan 'n Rotariërklub nie. Die joviale gees van vriendelikheid en hartlikheid dien as magneet vir nuwe lede en as sement vir oues. Maar dit is nie voldoende om net

hartlik saam te wees nie, want daar moet ook saam gewerk, saam iets gedoen word. Hierby is dit ook nie genoeg om mekaar net in die sakelewe aan te help nie — dit lyk te selfsugtig, is bloot materialisties en bied nie emosionele en/of geestelike bevrediging nie. Juis daarom moet goeie dade na buite gedoen word — in belang van die gemeenskap of samelewing, dog veral ten opsigte van die minder-bevoorregte en dié wat deur allerlei ellendes of teenslae getref is (miskien ook juis húlle wat deur die harde, koue, materialistiese samelewingsstruktuur, soos deur die sakelewe oorheers, die ergste getref is).

By die besef van die groot tekortkomings in die samelewing, sou die regte oplossing gesoek moet word deur op die weg van bekering en daadwerklike *belewing* van die Christelike getuienis en opdrag te gaan. Dan verval egter die samebinding van manne wat nie godsdiens-met-belydenis, allermins 'n uitgesproke Christus-belydenis, wil hê nie, dog juis soek 'n soort algemene „godsdiens" bo geloofsverdeeldheid wat sy sin en doel vind in die bloot-sosiale sfeer van naastediens. Dit skyn heeltemal in lyn te wees met die bekende „Social Gospel". En dit wil die gebod tot naasteliefde (as tweede deel van die Wet van God) wel betrag, maar dan met totale weglating en ignorering van die liefde tot God (as eerste deel en fondament van die Wet) wat grondleggend en mens-veranderend en -verbeterend is.

8. Iewers het ons die volgende raakgeloop: „But if Rotary is a morality without supernaturalism, it must base itself on the Pelagian doctrine of the 'intrinsic goodness of human nature', which is essential for any progressive social philosophy" (vgl. II. p. 78). Daarby ook nog dat diens aan die gemeenskap is 'n uiting of uitlaatklep vir hierdie inherente goedheid (II. p. 80). Ons wil die *as (But if)* verander na 'n *is* en beweer dat Rotary is 'n nuwe „godsdiens", maar nou sonder God en sonder enige bonatuurlike openbaring. Maar dit het tog beslis wel 'n *dogma* of geloofsbelydenis wat grondslag en uitgangspunt vorm, naamlik dat die mens *in homself* die vermoë het om homself te verbeter en om 'n beter samelewing en wêreld te skep, dog dan ook sonder God en sonder genade en sonder openbaring. Dit sou beskrywe kan word as 'n moralistiese godsdiens of 'n godsdienstige moralisme.

Diens aan die medemens het die laaste en hoogste doel vir die lewe geword. Rotariërs aanvaar wel dat hulle dit nog nie bereik het nie, maar ook dat dit bereik kan word, indien die Rotariërbeweging net wyd genoeg verbrei is en sorg dra dat dit 'n groot genoeg invloed verkry. Dit is alles nog op dieselfde humanisties-idealistiese vlak waarmee ons eeu begin het. Verder word dit duidelik bevrug deur die ewolusionistiese gedagte van die progressiewe gang van die mensheid wat tog nog eendag by 'n utopie van volmaaktheid sal uitkom. Hier het ons inderdaad met 'n godsdiens te

doen, dog sonder God (met 'n hoofletter) en in die plek van die Drie-enige, alleen-aanbiddendswaardige God is die mens op die troon. Die mens is self sy eie saligmaker, deur eie pogings en eie goeie werke. Die mens is self god, want alles is gerig op die grootmaking en verheffing en eer en verheerliking van die mens wat homself nog steeds tot god verhef — om soos God te wees en self oor alles te beslis.

## E. BEOORDELING

Die Rotariërbeweging bestaan al vir meer as 'n halwe eeu, dit is versprei oor baie lande en het baie lede, dit praat nie alleen nie dog probeer om ook te doen en te dien. Daarom is dit vanselfsprekend dat nie alleen onder lede hieroor gepraat en geskryf word nie, maar dat ook ander mense daaroor sal dink en praat en skryf — tereg of ten onregte. Aangesien *Rotary* egter in die openbaar optree en juis ook sekere sake pertinent stel en ook poog om sy gedagtes in breër kring verwesenlik te sien, kan stellig verwag word dat sy gedagtes (of „filosofie") en dade gekeur of beoordeel word, en in die forum van die samelewing in aanmerking kom vir lofprysing en kritiek, ook deur sy eie lede. Daarom glo ons dat dit volkome geregverdig is om ons hiermee te bemoei, veral ook as dit mag blyk dat die beweging nie sonder gevare of skade vir die samelewing bestaan en optree nie. So wil ons dit waag om 'n beoordeling te gee, wat moontlik nie die laaste woord spreek nie dog wat beslis beskou moet word as 'n poging tot verantwoording hieroor vir die Christelike Afrikaner.

Ons gee eers meer algemene beoordeling, soos wat onder meer deur Rotariërs self of ander skrywers hieroor gegee is. Dit kan immanente kritiek genoem word — bloot van binne uit besien dus. Daarby kom dan beoordeling vanuit 'n uitgesproke of konfessionele standpunt, wat die Rotariërbeweging meer van buite af en juis ten opsigte van sy grondslae probeer beoordeel.

### 1. *Algemene beoordeling.*

#### a. *Rotary bied geen oplossing vir die vereensamingsproses nie.*

Een van die primêre doelstellings van *Rotary* was om die isolering of vereensaming van mense in die moderne kommersieel- en industrieel-oorheersde samelewing teen te werk. Nou mag dit moontlik gebeur dat kontakte wat by of deur *Rotary* tussen mense aangelê word, kan uitgroei tot 'n verband tussen mense (en gesinne) wat nie bloot op die oppervlakte lê nie — dan bied *Rotary* miskien wel die uitgangspunt maar dit vorm nie die wese daarvan nie. Ons moet onthou dat die groep manne wat saamgebring word 'n taamlik homogene groep is of baie ooreenstem in hul

houding teenoor openbare probleme (vgl. IV. p. 69). Daar is ook opgemerk (vgl. IV. p. 127) dat die diensklub poog om die idee van blywende vriendskap te skep terwyl in werklikheid alleen bekendheid of vriendelikheid daargestel word. Terwyl die diensklub ook wil voorgee dat dit nie 'n disharmoniese element in die samelewing is nie, is dit tog wel 'n geselekteerde groep waardeur ontstaan 'n „marticulate expression of class consciousness" (IV. p. 155). In die breë verband van die samelewing bly dit dus 'n geïsoleerde groep. In die groter sentra bly die kontak tussen lede ook maar net beperk tot die „Duzen" (ofte wel: noem op die voornaam, ens.) van die byeenkomste. Jovialiteit en vriendelikheid is ver van vriendskap met sy warmte en hartlikheid.

b. *Rotary probeer tevergeefs om van die winsidee weg te kom.*

In sy uitgesproke doelstellings wil *Rotary* nie meer na „business reciprocity" soek nie — nie meer in sy gepubliseerde en amptelike beleid nie. Dit tas te veel sy prestige aan en is ook slegte propaganda vir konsolidasie en uitbreiding. Maar wie sal kan bepaal in hoeverre dit nog steeds 'n praktiese rede of aanleiding is tot aansluiting en voortgesette lidmaatskap — al is dit dan maar net onuitgesproke. So het die Chicagogroep in 1934 nog gesê dat waarskynlik die meerderheid *Rotary* gebruik om hulle besigheid te bevorder, hoewel dit lank nie meer as ordentlik beskou word nie en dit dus bedektelik gedoen moet word (I. p. 203; vgl. ook p. 63).

Die groot vraag hierby is verder egter of dit wel *nodig* is om die winsgedagte of -motief so angsvallig te vermy? Ons lees hieroor bv.: „Members of Rotary Clubs... endeavour to exemplify their mottoes... in all of their daily business, social and civil contacts by placing the obligation to serve others before the desire for profits for themselves" (VII. p. 4). Daarteenoor het die Chicago-groep al gestel dat die doel moet wees diens *en* wins (nie diens *vir* wins of diens *in plaas van* wins nie), elkeen goed in sigself en nie aan mekaar verwant nie. Hierdie riglyne wat in 1934 al gegee is, is egter nie opgevolg nie. Dit is tog nie as sodanig oneties, onregverdig om wins of profyt te maak uit die dienste wat die sakeman aan die mense en die samelewing op *sy* gebied lewer nie? Wel is dit 'n vraag *hoe* jy die wins maak, want daar kan beslis 'n te hoë en dus ongeregverdigde wins — woekerwins — gemaak word. En wel is dit 'n vraag hoe jy die winste aanwend — bloot net in eie belang in plaas daarvan om te dien met jou profyt, dus verantwoordelike rentmeesterskap! Maar om die verkryging van wins en die maak van profyt as verkeerd te beskou, sou tog die grondslae van ons Westerse ekonomiese stelsel totaal ondermyn (vgl. I. p. 212) en inhou 'n kapitulasie aan die Kommunistiese ideë wat gevorm is mede deur die filosofieë van Rousseau en Marx (vgl. XI. pp. 96—106, e.a. Sien Indeks). Of soek *Rotary* dalk na 'n middeweg tussen Kapitalisme en Kommunisme?

c. *Rotary vermag op sy eie terrein bra min.*

Ons moet in gedagte hou dat die lede van die Rotariërbeweging is sake- (en professionele) manne en die besondere terrein wat eie aan hulle juis dié van „beroepsdiens" (vocational service) is. Reeds lankal beywer hulle hul besonderlik om allerlei wanpraktyke op hierdie terrein te probeer uitskakel, bv. deur optrede teen oneerlikheid, ens. Juis daarvoor het hulle al „Codes of Ethics" opgestel en moet ook die bekende „Viervoudige Toets" aangelê word. In boeke wat van Rotariër-kant gepubliseer word (vgl. V. en VI. ook VIII. en X.) word menige voorbeeld hiervan gegee. Tog is dit wel nie uitgemaak nie of daar, ten spyte van die baie staaltjies oor die individuele gevalle, veel op hierdie terrein verrig is. Marden sê hieroor dat hierdie saak nie deur die Rotariërs alleen aangepak kan word nie, dog die samewerking van ander organisasies nodig het (IV. p. 60). Daardeur is die uitwerking van die Rotariër-program al klaar geknot. En dan voeg Marden daarby: „It may be said that the influence of the Service Club in promoting better business standards or ethics is relatively negligible" (IV. p. 60, ook p. 43, 55). Miskien lê die diepste rede vir hierdie gebrek of onvermoë om bepaalde resultate aan te wys verder juis daarin dat die grondslag waarop en beginsels waarvolgens daar gewerk word, nie die ware en die wesenlike is nie — soos duidelik kan blyk uit Hewitt se uitspraak (II. p. 86) dat *Rotary* teenoor (of in plaas van) die pligte ten opsigte van die Christelike sedeleer die *Viervoudige Toets* stel. Daaroor sal ons egter eers later handel.

d. *Rotary herberg in homself innerlike teenstrydighede.*

Dit is reeds genoem dat *Rotary* vriendskappe wil smee en tog nie verder kom as bekendheid of vriendelikheid nie. Verder ook dat *Rotary* gestig is om wederkerige hulp deur sakemanne te bevorder, dog daarvan weggeswenk het (geroteer?) na die ideaal en praktyk van diens.

Daar is egter beslis nog meer disharmoniese elemente. Die Chicago-groep het die aandag gevestig (I. p. 74v.) op drie elemente in die opset van *Rotary*, nl. in verband met „profit needs", „social needs" en die diensmotief. Die samevoeging van hierdie drie motiewe vorm wel *Rotary* se *krag* (dit trek aan en bind saam) maar terselfdertyd ook sy *swakheid*, omdat hulle nie heeltemal harmonieus is nie en ook nie saamgebundel kan word in 'n logies-geïntegreerde formulering van ideale en doelstellings nie, aangesien hulle in sekere sin in oorlog met mekaar verkeer. Ook word gesê (I. p. 249) dat gemeenskapsdiens uiting gevind het in baie aktiwiteite wat vreemd is aan die fundamentele aard en doelstellings van *Rotary*. Geen wonder nie dat daar teen 'n „filantropiese avalanche" gewaarsku word, en dat as probleem aangedui word „where shall Rotary begin and where shall it stop as a community service movement?" (II. p. 92). Daarom is ook die bekende „Resolusie 34" (in 1923) geneem: „A Rotary

Club should not engage in any general Community Service activity that requires for its success the support of the entire community; ... A Club should not endorse a project unless it is prepared to carry it through to completion" (aangehaal by II. p. 93). Sŏ staan dit geskrywe as beleid, maar in die praktyk word tog wel dikwels daarvan afgewyk — soos in elk geval uit die navorsing in 1934 geblyk het. volgens hierdie opmerking „In spite of Conclusion 34 Community Service continues to be a catch-all for the hobbies of this. that. or the other group of Rotarians" (I. p. 227). Is dit dan nie ook 'n groot teenstrydigheid nie?

e. *Rotary doen hom belangriker voor as wat dit is.*

*Rotary* dien homself graag aan as 'n organisasie wat veel tot stand gebring het en veel goeds vermag het. So word in „Adventure in Service" ('n *Rotary*-publikasie — VI. p. 47) onder andere gespreek van „splendid humanitarian service". Dat veel wat loflik is, gedoen is, sal wel nie ontken kan word nie. *Maar* hierby moet ook in aanmerking geneem word die volgende beoordeling wat uitgespreek is: *Rotary* sien wel die probleme en ellendes in die samelewing raak, maar die aandag en klem val op die *indiwiduele gevalle* wat dan met 'n soort noodhulp bygestaan word, terwyl die sosiale wantoestande self onaangeraak bly. Die gevolg hiervan is dat wat *Rotary* bied. is net *versagtend* of *verligtend* (palliation — II. p. 153; ameliorative — IV. p. 155). terwyl die status quo gehandhaaf word sonder om egter 'n effektiewe uitdaging te rig aan die faktore wat die wantoestande veroorsaak. Daarby is ook opgemerk (vgl. IV. p. 60, 148v.) dat hierdie goeddoenery nie aan 'n „Welfare Agency" (d.i. Welsynsorganisasie) oorgedra kan word nie. omdat dit sal uitskakel die emosionele bevrediging wat voortvloei uit die idee dat die een wat gee goedgeaard is en ook begaan oor die treurige lot van die ontvanger van die weldaad. Hierby noem Marden nog 'n uiters belangrike verskynsel, nl. dat sodanige optrede tog nie van die indiwiduele lid *te veel tyd of geld moet verg nie* (IV. p. 148v. — Ons kursiveer. D.K.). Dit moet onthou word dat Rotariërs is leidende persone van die sakewêreld. Daarom kan hulle sonder veel inspanning of opoffering maklik groot (imponerende) bedrae insamel of met behulp van andere hope goedere monster. Dit geld dan bv. ook vir die Beursfonds (Rotary Foundation Fellowships) waardeur studente na ander lande gestuur word — en waarmee dan gebou word aan internasionale begrip en samewerking.

Oor hierdie dienste wat *Rotary* gelewer het (veral in „Community Service") en nog wil lewer (veral in „International Service") word deur *Rotary* geweldig hoog van die toring geblaas. Die bedoeling daarvan skyn egter ook duidelik te wees. Ons het reeds gehoor van die geweldige waarde wat deur hulle geheg word aan die betekenis en invloed van propaganda en publisiteit. Nou lyk dit asof al hierdie gelewerde dienste en goeie werke genoem word *meer* omdat dit 'n emosionele appèl op die mense kan uit-

oefen en die Rotariër-beweging daardeur meer lede kan werf, plaaslik en in internasionale verband — *eerder* as om andere te beïnvloed om ook desgelyks te gaan doen. Want hoe meer lede *Rotary* het, hoe meer kan hy werk en op hoe meer plekke kan klubs gestig word, en hoe gouer en makliker meen *Rotary* sal dit daarmee sy mikpunt kan bereik en sy sending kan uitvoer. Om dit egter met reg en na waarde te kan beoordeel, moet ons tot die prinsipiële beoordeling en verantwoording oorgaan.

2. *Prinsipiële beoordeling vanuit Gereformeerde standpunt.*

a. *Rotary se uitgangspunt is onrealisties en onseker.*

*Rotary* is 'n groep in die samelewing wat hom daarvoor beywer om op die terrein van die menselewe en menslike verhoudinge iets te doen. Die *iets* bestaan in die lewering van *diens* (vgl. die sosiologiese aanduiding van „Service Club" of diensklub), en dit bevat dus implisiet die drang om goed te doen. En daarmee is weergegee die erkenning dat sekere sake of toestande nie reg of goed is nie, en nou wil die Rotariërs daarin verbetering aanbring. Dit is reeds raakgesien en dit word ook erken dat *Rotary* alleen nie in staat sal wees om hierdie vraagstukke op te los nie. Inderdaad is dit so dat die samelewing té gekompliseerd en die vraagstukke ook té omvangryk is dat dit deur één groep mense opgelos kan word — selfs al is hulle die leidende figure op die gebied van die sakelewe, wat juis vandag die oorheersende in die samelewing is. Hewitt het eerder al opgemerk dat dit meer 'n politieke of staatkundige onderneming is (H. p. 153). Die saak moet egter noodsaaklik ook vanuit 'n ander hoek bekyk word. Ons moet probeer deurdring na die grondoorsake, omdat alleen van daaruit werklike en blywende oplossing gevind mag word.

*Rotary* het wel gelyk in sy pogings om diens te lewer en in die implisiete erkenning dat alles in die wêreld nie pluis is nie. Daar is inderdaad baie verkeerd, daar is baie wantoestande, baie gebrekkige en vyandige menslike verhoudinge, baie uitbuitery en oneerlikheid, ens., ens. Verder is wel duidelik dat *Rotary* nie 'n geheel-oplossing wil bied nie. Maar ons móét vra of *Rotary* in staat is om wel 'n oplossing aan te bied, al is dit dan net ten dele? Om dít te kan doen, is dit egter beslis nodig dat daar 'n verantwoording sal wees oor die *oorsake* van die ellende en die wantoestande, en ook oor die goeie wat daarteenoor gestel en bereik moet word. Hieroor het ons in die bronne van en oor die Rotariërbeweging niks gevind nie.

Wat ons wél gevind het, is dat daar beslis *nie* gereken word met die Bybel, die Woord van God, en met die gebooie van God nie. In plaas daarvan is allerlei mens-gemaakte en humanistiese reëls gestel wat — indien hulle getrou nagekom word — in staat sou wees om beter verhoudinge en 'n beter samelewing te skep.

Dit verbaas ons geensins dat die openbaring van God, die Heilige Skrif, en die voorskrifte van die Christelike Etiek geïgnoreer word nie. Aan lede van die Rotariërbeweging word tog geen uitgesproke Christelike beginsels as basis voorgehou nie. Juis omdat mense van enige en alle gelowe welkom is by *Rotary*, is dit inderdaad onmoontlik om sodanige uitgangspunt en mikpunt te stel, aangesien dit hierdie ganse beweging moet laat uitmekaarspat. Indien Christus en die Woord van Christus daar ingebring word, spreek dit vanself dat die nie-Christene (soos die Jode, Mohammedane, Boeddhiste, ateïste, ens.) moet uitstap! Daarom is ons oortuig dat hierdie leemte wat ons aangetref het, nl. geen rekenskap met die Bybel en oor die oorsake van ellende nie, nie daaraan toegeskryf kan word dat ons nie ver genoeg gesoek of diep genoeg gedelf het nie. Juis omdat ons *agter* die skerms inkyk en *onder* die oppervlakte — van weldade en goeddoenery — afdaal, kom ons tot die konklusie dat *Rotary* kragtens sy wese en volgens sy aard en samestelling *nie in staat is om hieroor iets te lewer nie.*

Omdat Gods Woord eenkant gelaat is, verbaas dit verder geensins dat daar nooit 'n erkenning is van die heerskappy van die *sonde* (en Satan) in die wêreld nie. Eers as ons erken dat sonde bestaan en dat die wese van sonde juis bestaan in die afval van die Here HERE en ongehoorsaamheid aan God, sal ons werklik kan begin om 'n besef te kry van hierdie lewe met al sy gekompliseerde verhoudinge en wantoestande en ellendes. Maar as ons dit agterweë laat om met sonde en skuld voor God rekening te hou, dan is ons hele uitgangspunt onrealisties en al ons doen en late inderdaad gedoem tot mislukking. Inderdaad is hiermee dus 'n fundamentele swakheid in *Rotary* blootgelê. Ook blyk 'n wesenlike teenstrydigheid, nl. dat hulle wil dien en goed doen sonder dat bepaal word waarop die goeie gerig is, behalwe dat dit moontlik tydelike, materiële verligting op sekere terreine wil bied. Styg dit ooit bo die vlak van die pragmatiese (of nuttige), of nog erger, van die dialektiese materialisme (bv. soos in Kommunisme beliggaam) uit?

b. *Rotary se uitgangspunt en oplossing is verkeerd.*

Daar is egter nog meer waarop die aandag gevestig moet word. Geen mens kan handel sonder 'n bepaalde idee of gedagte wat die daad moet dra en koers gee nie. Op sy eenvoudigste of neutraalste kan gesê word dat daar 'n *filosofie* of bepaalde *aprioriese standpunt* aan ten grondslag moet lê. Daarom moet dit wesenlik só gestel word: Hy wat met mense werk aan mense en deur mense iets gedaan wil kry — moet 'n *bepaalde visie op of beskouing oor die mens hê.* Die vraag hierby is dus: Wat glo of aanvaar hy oor die mens en sy moontlikhede?

Gelukkig verkeer ons nie in die duister oor wat *Rotary* hieroor dink nie. Ons het reeds gehoor dat die *sonde* as 'n beheersende faktor in mense-lewens nie meegetel word nie. Nêrens het ons sprake gevind dat die mens

sondig of 'n sondaar is nie. Positief sou dit só gestel kan word: Die mens het in homself die vermoë om homself te verbeter en uit homself die goeie te doen. In die tetiese gedeelte (vgl. D. 8) is reeds daarop gewys dat *Rotary* noodwendig moet uitgaan van die inherente goedheid van die mens. Hiermee staan *Rotary* dan ook sonder twyfel diametraal teenoor die openbaring van God. Die Bybel leer tog al te duidelik dat die mens van nature, in homself, *sleg is, geneig tot alle kwaad en om sy medemense te haat* (vgl. Romeine 3 : 10–17; ook Heidelbergse Kategismus, Vraag 8: „Maar is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?, en die antwoord: Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word"). Indien dit nié so was nie, dan sou dit tog onnodig gewees het vir Jesus Christus om na die aarde te kom en só 'n hoë prys — sy bloed aan die kruis van Golgota — te betaal om die mens van sy skuld voor God te verlos en uit sy sondes en ellende en magteloosheid tot die goeie te red.

Die Bybel stel dus duidelik die *totale* verdorwenheid van die mens en ook die *totale* redding deur God, deur middel van sy Seun, Jesus Christus, die enigste Middelaar tussen God en die mense, en deur middel van sy Heilige Gees wat ons persoonlik daardie saligheid deelagtig maak en ons harte vernuut. En hy wat *in* Christus is — deur die geloof in Christus ingeplant — en *in wie* Christus is, is 'n nuwe skepsel en is inderdaad in staat tot goeie werke, uit dankbaarheid vir die groot verlossing. So een sal inderdaad ook wil dien en werklik dien, al het hy nog gedurigdeur met die sonde (soos bv. eie-liefde, selfsug, eie-eer) te doen en al moet hy sy hele lewe lank daarteen stry. Só 'n mens aanvaar egter steeds weer dat *Christus* is sy geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Hy stry 'n stryd, maar voer ook 'n lewe van dankbaarheid omdat hy uit genade, verniet, verlos is.

Laat dit hier baie duidelik en pertinent gestel word: *Rotary* gee beslis nie voor dat dit 'n godsdiens is of selfs dat dit godsdienstig probeer wees nie (vgl. die Vrymesselary). Maar *Rotary* bied wel 'n tuiste en werkterrein ook vir die Christene wat graag godsdiens sonder dogma wil hê — 'n „godsdiens" dus wat geen besliste, leerstellige grondslag het nie maar waarvan die skerp kante (of verskille met andere) afgeslyp is. In ooreenstemming hiermee bring *Rotary* saam mense van verskillende godsdienste of geloofsoortuigings en dit wil hulle aktiveer om diens te lewer — om goed te doen en 'n beter wêreld daar te stel. Maar die *daad* moet gedra of geïnspireer word deur 'n *gedagte*. So is daar 'n bepaalde „leidende" idee of oortuiging — wat aan niemand aanstoot mag gee nie en vir almal 'n gemeenskaplike basis moet bied — wat tog in wese neerkom op 'n bepaalde opvatting (oor mens, wêreld, ens.), dus 'n sekere *Credo* of geloofsoortuiging. Soos reeds aangedui, is dit die inherente goedheid van die mens en die vermoë van die mens om 'n edeler en hoop-

voller wêreld daar te stel. Dit alles egter sonder Christus en sy Heilige Gees. Noodwendig is ons geroepe om vanuit Gereformeerde standpunt hierteen in verset te kom. Dit tas Gods eer aan, dit verloën die verlossingswerk van Christus, en dit bevat geen hoop op sy wederkoms nie wanneer Hy alles nuut sal maak en daar werklik 'n goeie, edele en skone wêreld daargestel sal word.

'n Opmerklike saak wat die Skrif ons in verband met hierdie analise bied, moet beslis hierby genoem word. Die Here Jesus spreek oor die dae wat aan sy wederkoms voorafgaan en vergelyk dit dan met die dae van Noag en Lot, waarin die mense eet en drink, trou en in die huwelik gee, koop en verkoop, plant en bou (Lukas 17 : 26—28). Let ons goed op die inhoud hiervan dan sal ons gewaar dat dit doodnormale, alledaagse sake geld en nie juis 'n ry van gruwelike sondes opnoem nie (vgl. bv. Romeine 1 : 20—32; Galate 5 : 19—21). Tog bevat Christus se tekening juis 'n voorstelling van die goddelose wêreld wat ryp is vir die laaste oordele van God, nie soseer in wat hulle dóén nie dog juis te meer in wat hulle *nalaat* om te doen. Daar staan tog niks vermeld oor diens van die Here, oor gebed, oor lofsang nie (vgl. Genesis 4 : 26: „Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep", ook 1 Korinthiërs 10 : 31: „Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God"). Die tekening van Jesus dui dus aan dat die lewe totaal *versekulariseer* sal wees — die mense gaan volkome in die wêreld op en laat God heeltemal buite rekening; hulle lewe sonder God, dit is God-loos, en derhalwe goddeloos!

Inderdaad sien ons dit as 'n byna alledaagse verskynsel vandag. En dan nie net in die Kommunistiese lande wat openlik ateïsme bely nie, dog ook in ander lande, veral ook in die sogenaamde Christelike Weste, met 'n praktiese a-teïsme (godloosheid). Want God en sy Woord het 'n vergete grootheid geword. Oor die Rotariër-mens pas dit ons geensins om 'n oordeel uit te spreek nie. Maar die dade en optrede mag tog seker, en moet ook, beoordeel word in die lig van die Skrif. Daarom wil ons hieroor dit sê: Ons neem kennis van al die goeie wat gedoen is en mooie wat gedoen staan te word, *maar God word geensins meer in ag geneem nie.* Is *Rotary* nie nog 'n praktiese belewing van die toestande soos in die woorde van Christus geteken nie — miskien doodgewoon en onskuldig as dit in isolasie en as sodanig bekyk word, dog altyd nog verskriklik gevaarlik en gevaarvol? Temeer waar dit so lyk asof die Christelike deugde nagejaag word, asof die tweede deel van die Wet van God nagekom word (vgl. die sg. „Golden Rule"), maar God buite rekening gelaat word, is hierdie beweging des te gevaarliker omdat dit die skyn van regsinnigheid en goedheid wek. Reeds die apostel Paulus het onder die drywing van die Heilige Gees gespreek van mense (die Jode) wat „'n ywer vir God het, maar sonder kennis" (Romeine 10 : 2). En tereg het die Skrif ons ook

gemaan: „Glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is..." (1 Johannes 4 : 1 — en lees gerus verder!). Inderdaad is dit so dat ons liefde, tot God blyk uit die liefde tot die naaste. Maar ook is dít waar dat *die mens alleen sy naaste waarlik kan liefhê wanneer Hy God liefhet* (vgl. 1 Johannes 4 : 7) en God ook daardie naasteliefde — in Christus gegrond en deur die Heilige Gees gewerk — in ons harte gee. Buiten God en Christus geen ware naasteliefde of ware naastediens nie! Liefde tot God en die naaste bestaan tog juis ook in gehoorsaamheid aan God se gebooie (vgl. 1 Johannes 3 : 23, 24).

Hierin bestaan in werklikheid dan ook die fundamentele ooreenkoms tussen *Rotary* en die Vrymesselary. Nie ten opsigte van die geheime karakter, ens. nie, maar in die *humanistiese* mensbeskouing, gekoppel aan 'n idealisties-ewolusionistiese beskouing. Die mens vermag volgens albei organisasies veel, *veral* om *uit eie krag en deur eie inspanning* beter te word en te arbei aan die verbetering van die mensheid. Op hierdie punte moet ons oordeel oor *Rotary* dus ewe afkeurend wees as oor Vrymesselary. Meteen moet gewys word op die gevaar dat hierdie humanisties-ewolusionistiese beskouing ons ganse lewe gaan beheers. Die ewolusieleer word wel deur ons verwerp, altans in teorie of met die lippe, maar word ons hele samelewing (en selfs ons staatkundige vooruitsigte), ja ons hele beskouing oor die toekoms, nie deur die gedagte beheers dat alles beter gemaak kan word en dat 'n steeds beter toekoms voor wink nie? Tot dusver het die feite bewys dat hierdie verwagting onrealisties is. En dit word ook direk deur die Heilige Skrif weerspreek wat getuig dat vrees vir wat mense mekaar kan aandoen, 'n steeds belangriker rol sal speel en dat dit op die weg na die einde steeds erger sal word (vgl. 2 Timotheüs 3 : 1 e.v.; ook XII. p. 152). Dog ten spyte van wat die Skrif leer en die werklike verloop van sake bewys, heers nog oral die idealisties-optimistiese verwagting. Sou dit miskien die rede wees waarom *Rotary* so geredelik ingang vind by die mense, ook in Suid-Afrika en onder ons Afrikaners?

c. *Rotary se strewe en optrede is ook on-christelik.*

Daar resteer nog een aspek van die prinsipiële beoordeling wat in aanmerking geneem moet word. Iemand het onlangs opgemerk (XIII. p. 539) dat daar in Amerika gekweek is 'n sterk bewustheid van sosiale verantwoordelikheid, en die steun wat aan verdienstelike sake gegee word 'n sprekende getuienis is van die medelye en mededeelsaamheid. En dan word bygevoeg: „Omdat Amerikaners op hierdie wyse deur privaat organisasies die sosiale take behartig het, het die kerke teruggestaan en die dienste van barmhartigheid aan ander oorgelaat". Hiermee word geensins direk na *Rotary* verwys nie, maar die indirekte verwysing het ook wel direk betrekking op die Rotariërbeweging, wat juis op hierdie terrein beweeg. Ons word ook verplig om tot die gevolgtrekking te kom dat hierdie aangeduide probleem-situasie nie net tot Amerika beperk is nie.

maar oor 'n veel wyer gebied aangetref word en van meer diep-ingrypende aard is as wat op eerste aanhoor uit die aanhaling sou blyk.

Dit is reeds gestel dat ons vandag te doen het met 'n versekulariseerde (totaal-verwêreldlikte) lewe en wêreld. Miskien besef ons nie genoeg die omvang en draagwydte daarvan nie. Ons tyd is al beskryf as 'n post-Christendomlike, d.i. dat ons lewe in 'n era wat nie langer meer beheers word deur die Christelike beginsels (i.c. Etiek) soos wat dit lange eeue die geval was nie. Nie God (en sy Woord) beheers meer die wêreld en samelewing nie, dog die mens met sy verstand en wil en emosies is die allesbepalende faktore. Iemand beskrywe dit as 'n deïstiese kultuuropvatting wat moet uitloop op 'n ateïstiese beskouing (XIV. p. 5). Maar as Christelike Afrikaners kan ons tog niks anders glo nie as dat God nou nog regeer (belydenis van die Voorsienigheid van God — Vgl. Heidelbergse Kategismus, Vraag 27, 28), deur Christus regeer (vgl. Heidelbergse Kategismus, Vraag 50), en dat ons dieselfde Christus verwag en dat Hy die eindoordeel sal voltrek (vgl. Heidelbergse Kategismus, Vraag 52). En omdat dit só is, moet alles in die hede, ons hele lewe vandag, vanuit dáárdie einde (wederkoms van Christus) beheers word. Dit is soos die Here Jesus gesê het: „Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand ... Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie" (Lukas 12 : 35, 40). En die „gereed wees" beteken volgens die oorspronklike taal: *'n voortdurende gereedmaak.* Daardeur word dus die roeping van elke mens in die hede bepaal — al is dit net die gelowige Christen wat dit besef en ook probeer belewe. Daarmee is verder ook gegee *'n gespannenheid, 'n rustelose aktiwiteit,* in die lewe van die Christen. Hy weet Christus se eerste koms (met versoening deur lyde en sterwe) lê *agter* hom, en daarmee het die koninkryk van God reeds op die aarde gekom. Tog moet die koninkryk ook nog ten volle geopenbaar word. Dít sal finaal gebeur na Christus se wederkoms en die eindoordeel. *Nou* lewe ons dus in die *laaste dae.* En in hierdie tye is ons medewerkers van God, wat in getroue roepingsvervulling moet arbei in sy diens en vir sy koninkryk.

Hiermee hou die algemene, die versekulariseerde mens- en wêreldbeskouings nie rekening nie. Ons hele samelewingsstruktuur word immers oorheers deur die oortuiging (of manie) van die noodwendige gang of voortskryding van die ontwikkeling — of dit nou in die sogenaamde kapitalistiese Weste is (wat glo in steeds hoër vlugte van die ekonomiese lewe, van uitskakeling van armoede en agterlikheid deur meerdere kennis en tegniek, die vordering van die wetenskap, ens.) of in die Kommunistiese Ooste (wat weer glo in die onvermydelike triomf van die rewolusie van die proletariaat, verkryging van mag en aansien deur wetenskap en prestasies, ens., ens.). Let egter meteen goed daarop dat dit alles eintlik

net materiële vooruitgang is of beoog — en ons moet hierby vra: Wat van geestelike en sedelike vooruitgang? Alles word binne hierdie wêreld en binne die bereik van menslike vermoëns gesien.

'n Tipiese uiting van hierdie aangeduide verskynsel vind ons in die sg. „Social Gospel" in Amerika, waar die kerk nie die soekende mensheid die Evangelie van verlossing in Christus verkondig nie, en ook nie hard stry vir die koms van God se koninkryk op sy voorwaardes nie, maar waar die kerk veel eerder te doen het en preek oor sosiale toestande, sodat dit nie meer *kerk* is nie dog meer 'n blote sosiale organisasie. Die gemeenskapselement wat uit die samelewing verdwyn het (waaroor ons al gespreek het), roep steeds om herstel. En een van die populêrste weë daartoe is juis dié van *sosiale aanpassing*, waarby die sogenaamde „Maatskaplike Werk" as die ideale metode gesien en aangewend word. In hierdie maatskaplike werk wil hulle die mense ophef, toestande verbeter — in die algemeen gestel „goed doen", maar sonder 'n vaste uitgangspunt of fondament in 'n bepaalde „filosofie" en sonder 'n duidelik-belynde mikpunt of doeleinde. Ja, hulle wil „verbetering" bewerkstellig — dog waaruit en waarheen? Sou dit ooit iets anders as bloot uitwendige verligting of verbetering kan bring? En omdat juis ook *Rotary* aan hierdie modegril, wat dikwels die stokperdjie van meer-bevoorregtes is, wil meedoen, het hierdie beweging op dieselfde dwaalweë gegaan, en is dit eweso in sy valstrikke vasgevang.

Nee gewis, langs hierdie weg en op dié manier is die oplossing nie te bereik nie! Egte en werklike gemeenskap is tog alleenlik moontlik op die grondslag van die kruis van Christus en deur sy Heilige Gees, want alleen só is liefde tot God moontlik en kan liefde tot die naaste groei en gedy. Hier funksioneer in die algemeen Christelike barmhartigheid en in besonder die barmhartigheidsdiens van die kerk van Christus. Vanselfsprekend beteken dit nie dat alles *verkerklik* moet word nie. Christus is beslis Hoof oor of Koning van die kerk, sy heerskappy moet steeds in die kerk erken word. Maar Christus se mag en bevoegdheid is nie opgesluit of op te sluit binne die grense van die kerk nie — soos tereg as waarheid neergeskryf is: „Aangesien Christus die ware Wortel is van die hele tydelike lewe in die oprigting van sy koninkryk, kan geen enkele terrein in die volkslewe, geen enkele samelewingsverband, prinsipieel buite sy koningskap val, en daarom as neutrale, natuurlike, saaklike of algemene terrein geld nie" (XV. p. 285). Alles kom voort uit en is gerig op Hom wat ook die wêreld in sy verlossingsplan opneem. Daarom: „Wie die Christelike lewe in indiwiduele en in organisatoriese verband in die lig sien, moet besef dat alle lewe wat buite Christus staan. afgodies is en onvermydelik die antitese oproep" (XV. p. 285).

Daar bestaan dus geen sogenaamde „neutrale" gebied of sake nie — asof Christus se magsbevoegdheid beperk is bloot tot die terrein van die kerklike instituut en daarbuite alles maar kan bestaan en voortgaan asof

Christus niks daarmee te doen het nie. En besonderlik geld dit waar 'n organisasie die gemeenskap tussen mense wil herstel en wil „goed doen". Indien dit nie gewortel en gegrond is in Christus nie, is dit beslis gedoem tot mislukking en sal daar juis probleme geskep word en allerlei uitwasse maklik tot openbaring kom. Nie dat die kerklike instituut alles moet doen en oorheers nie, want daar is inderdaad plek en geleentheid ook vir Christelike organisasies, waarin die Christenmense hulle roeping en plig as Christene, op grond van die amp van die gelowige, kan en moet vervul. Hiervan kom beslis nog in ons tyd te min in Suid-Afrika tereg, en daar is dus gewis geleenthede wat wag en roep om ontginning. Waarskynlik poog *Rotary* om hierdie leemte te vul en is dit weereens 'n duidelike bewys van 'n onbetaalde rekening deur Christene.

Ons erken dus eerlik dat daar in ons huidige samelewing tekortkomings bestaan. Nietemin is ons geroepe, ja verplig, tot antitese teen ***Rotary*** omdat Christus nie erken word nie. Wesenlike gemeenskap en innige verbondenheid sal daarom nooit deur *Rotary* bereik kan word of daargestel word nie. En wesenlike, blywende, vrugbare, standhoudende diens (vgl. I Korinthiërs 3 : 9 e.v.) sal ook nie deur *Rotary* gelewer kan word nie. Want by *Rotary* geld ook wat Daniël 2 : 43 aandui: „. . . hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aan mekaar vasklewe nie, net soos yster en klei nie meng nie". En sou dit té vergesog wees om hierby te wil toepas: die harde yster van die koue, saaklike, gevoellose sakelewe meng nie met die klei van die diensmotief nie? Dis wellig 'n vergesogte toepassing, maar beslis naby die waarheid. Die mens kan tog sy lewe behou as hy dit wil verloor dog hierdie „verloor" hou in *kruis dra*, en dit beslis ***agter Christus*** aan. Tereg word die waarheid deur ons Nederlandse Geloofsbelydenis suiwer só gestel: „So doen ons dan goeie werke, maar nie om iets te verdien nie . . . ja ons staan by God in die skuld vir die goeie werke wat ons doen . . . Verder, al doen ons ook goeie werke, ons grond tog nie ons saligheid daarop nie, want ons kan geen werk doen nie of dit is besmet deur ons vlees, en ook strafwaardig; en al kan ons ook al een voortbring, dan is tog die gedagtenis aan een sonde genoeg dat dit deur God verwerp word. So sou ons dan altyd in twyfel verkeer . . . as dit nie op die verdienste van die lyde en sterwe van ons Saligmaker steun nie" (Art. 24). Daarom wil ons niks te doen hê met die „adverteerdery" van goeie werke, soos ons dit so dikwels by ***Rotary*** aantref nie — want ook hier hou ons eerder aan die voorskrif van Christus: „Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees . . ." (Matth. 6 : 3, 4).

Eindelik moet ook met emfase gestel word dat die Skrif duidelik leer dat 'n nuwe en beter wêreld nie ewolusionêr in die koninkryk van God uitmond nie. Daar is magte wat teen God en sy Gesalfde in opstand

is, en namate die wêreldverloop nader aan sy einde kom, spits die teenstellings hulle ook toe. Duidelik lees ons in Openbaring 17 : 14 dit: „Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin — want Hy is die Here van die here en Koning van die konings — en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou". Daarom verwag ons Christus, en maak gereed vir sy koms — ook deur goed te doen en die Evangelie van Christus, dit is van die oorwinning deur die Kruis, uit te dra.

## F. KONKLUSIE

Uit die voorgaande uiteensetting en beoordeling moet dit duidelik wees dat die Christenmens geroepe is om *nie* lid van ***Rotary*** te word nie. En nog meer: 'n Christen behoort selfs nie eens sy samewerking te lewer nie deur bv. voor hulle te gaan optree met 'n lesing of praatjie nie — juis omdat ***Rotary*** van sodanige persoon (gewoonlik vooraanstaande mense en leiersfigure) se naam en optrede gebruik maak vir die verdere propagering van die Rotariërbeweging self en daardeur vir hulle ideale en doelstellings.

Viljoenskroon. D. Kempff.

### BRONNELYS


I. *Rotary?* — A University group looks at the Rotary Club of Chicago (University of Chicago Press, 1934).

II. *C. R. Hewitt* — Towards my neighbour — The Social Influence of the Rotary Club Movement in Great Britain and Ireland (Longmans, London, 1950).

III. *Rotary* — Fifty Years of service (Rotary International, Evanston, 1954).

IV. *C. F. Marden* — Rotary and its brothers — An Analysis and Interpretation of the Men's Service Club (Proefskrif by Columbia University, Princeton University Press, Princeton, 1935).

V. *Diens is my dagtaak* (Uitgawe van Rotariërbeweging in S.A.).

VI. *Adventure in Service* — The Story of Rotary, its origin, growth, and influence (Rotary International, Chicago, 1953).

VII. *Brief facts about Rotary* (R.I. — Pamphlet No. 1, July 1953).

VIII. *The Rotarian* (Tydskrif van R.I.) — Febr. 1961. Ander nommers.

IX. *Ensiklopedieë:* Winkler Prins, Encyclopaedia Brittannica, e.a.

X. *Rotary in Africa* (Tydskrif).

XI. *J. G. J. C. Nieuwenhuis* — Bedreiging van het Westen I (T. Wever, Franeker, 1962).

XII. *W. J. Snyman* — Die Eindevangelie (Art. in „Almanak van die Gereformeerde Kerk in S.A.", 1963).

XIII. *Die Kerkbode* (Kaapstad) — 17 Oktober 1962.

XIV. *Die Taalgenoot* (Johannesburg) — November 1962 (vgl. ook Des.).

XV. *S. C. W. Duvenage* — Kerk, Volk en Jeug I (Proefskrif aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, 1962).